# 26 Julie 2023 - Lesing 83 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***
Ongewone verskynsels – 10/11/58

**NO: 7205** As julle julleself tot My wend, kan julle altyd daarop vertrou dat julle korrek onderrig sal word, dat Ek julle opheldering sal gee. Julle sal dit ook in julle denke ondervind, dit wil sê, omdat julle na die waarheid soek, sal **julle denke met die waarheid besig wees.**

Julle sal dus volgens julle gesindheid op die korrekte weg wees, selfs as skynbaar nog onopgeloste probleme julle gaan besighou. Want dit is die voorreg van hulle wat hulself met My as die ewige Waarheid verbind, **dat hulle 'n innerlike afkeer sal bespeur sodra verkeerde gedagtes hulle raak**.

Julle sal in die eindtyd met baie ongewone verskynsels rekening moet hou en julle kan dit volgens julle eie oordeel aan My of ook My teenstander toeskryf, wat in die eindtyd eweso op ongewone wyse sal optree - om sy slagoffers binne te trek.

Julle sal moet leer om onderskeid te maak en daarby mag julle nie vergeet dat die wêreld sy gebied is en dat hy homself dus ook in die wêreld en deur goddelose meganismes sal vertoon.

Vêrder moet julle weet dat daar geen mag is wat My in My werksaamheid sou kan hinder nie en wat dus My heilsplan van ewigheid, waarin 'n einde van hierdie aardse periode voorsien is, ongedaan kan maak nie. Want Ek streef 'n doel na **wat steeds alleen gerig is op die verlossing van die gevalle geestelike**, wat hulself in die diepte bevind. En Ek weet presies wanneer die korrekte tydstip daarvoor gekom het.

Dit is wel seker dat My planne nie met die planne van My teenstander sal ooreenkom nie, dat hy nie dieselfde doel nastreef nie, naamlik om die gevallenes te help, maar dat hy steeds alleen daarop bedag is om My planne geen deurgang te laat vind nie, dit te deurkruis **en om Myself in 'n sekere sin te oorwin**, waarmee hy egter ewig nie sal slaag nie.

Enersyds dryf hy nou die mense aan tot ondersoekinge van die mees uiteenlopende aard om skeppingswerke te verwoes, omdat hy glo om daardeur die gekluisterde geestelike te bevry en vir homself te wen. Aan die ander kant wil hy die mense laat glo dat daar geen gevaar vir die einde te vrees is nie, om hulle te verhinder om bewustelik aan hulle siel te werk, wat met die oog op die einde tog ernstig geneem word deur hulle, - wat die tekens van die tye nougeset volg en daarom weet welke uur geslaan het.

**En daarom werk hy met alle lis en veroorsaak hy verwarring**, wat ook die mense aangryp wat nie aan hom wil behoort nie. Hy probeer om vir die mense reële sake te voorspel, wat sigbaar bly solank dit vir hulle moontlik is om dit te sien, totdat die mense wat daarvoor ontvanklik is, dit opmerk. Mense, op wie God se teenstander ook invloed het weens hulle gesindheid en gedagtes – die wat selfs van die idee van 'n einde van hierdie aarde niks wil weet nie - wat ook die onwaarskynlikste gebeurtenisse of voorsorgmaatreëls wil aanvaar om so 'n einde te verhinder, as dat hulle hulself met die waarheid, wat hulle steeds weer verkondig word, tevrede sal stel.

Hierdie mense skep deur hulle gesindheid vir My teenstander 'n goeie klankbord, - hulle glo om hulself binne die invloedsfeer van goeie kragte te bevind en het tog 'n speelbal van My teenstander geword, **want hy gebruik hulle om homself in te stel vir die verspreiding van valse leerstellings en sataniese aktiwiteite**.

My teenstander sal aan die einde groot "mag" hê. Dit is sy teenaksie op My buitengewone genadevolle werksaamheid by die mense, wat Ek nog wil help om die korrekte weg na My toe te vind. Ek werk wel op 'n buitengewone wyse, maar nie deur op 'n onnatuurlike manier om op die denke en gevoelens van mense indruk te maak nie.

**Ek werk in stilte en wil op die harte van die mense 'n invloed verkry**. My teenstander imponeer egter die geestesvermoëns, - die verstand van die mens. Hy bevestig maar net die verlange na die onverwoesbaarheid van die aarde en 'n einde, wat op die laaste oomblik verhinder sal word.

My teenstander werk My en My aankondiginge teë en dit alleen moes al hom ontmasker het, dit moes 'n bewys gewees het wie aan die werk is, as die gemoedere van die mense verontrus word deur onverklaarbare gebeurtenisse, waardeur die deur My voorspelde einde van hierdie aarde in twyfel getrek word. My Woord is Waarheid, so ook is My Woord se aankondiginge nie deur My teenstander te ontsenu nie, al dink hy dat hy homself nog so listig en slu kan voordoen.

En die mense self kan dit ook insien wie hy onder sy invloed probeer bring, indien hulle maar net altyd die weg na My sal neem, Wie hulle die waarheid nie van sal weerhou nie. Amein.